

'N MOSAIC VAN ART NOUVEAU



Daar is niks so terapeuties soos 'n kulinêre reistog wat die gaste meesleu met sierlikheid van hoogstaande standarde in 'n atmosfeer wat die eentonigheid van die alledaagse wêreld laat vervaag nie. Só 'n onvergeetlike ondervinding kan jy vind by Restaurant Mosaic at The Orient wat onlangs hul bekende art nouveau-interieur verfris het met glansryke versierings deur hul skitterende span.

Dié Moors geïnspireerde private hotel, smaakvol genestel in die Francolin-bewaringsgebied, bied ontvlugting van die daaglikse geroesemoes en 'n ware toevlugsoord, slegs 'n uur se ry vanaf Sandton en Pretoria en naby geleë aan Hartebeespoortdam. Sowel die hotel as restaurant bied 'n vreedsame en romantiese wegkruipplek in harmonie met die natuur en is perfek vir daardie spesiale herdenkings in die lewe.



In slegs sewe jaar het Restaurant Mosaic – met die bekroonde sjef Chantel Dartnall aan die stuur en oorspronklik gekonseptualiseer as 'n verblyfrestaurant met kamers – gegroei tot 'n bekende Suid-Afrikaanse onderneming sinoniem met kwaliteit, elegansie en voortreflike smaak.

Die restaurant se luukse interieur spreek van die Jugendstil- en art nouveau-beweging van die tyd en is een van die enigste restaurante in Suid-Afrika versier in hierdie hoogs gesofistikeerde styl. Die weelde, aandag aan detail en kwaliteit is merkwaardig, met kosbare versamelstukke en pragtige kunsartikels wat die prag en praal van vergange tye weerspieël.

Chantel en haar ma, Mari, het dié versamelstukke en kunsartikels bymekaargemaak. Hulle reis elke jaar wyd op soek na verborge skatte en pragtige ornamente van reg oor die wêreld – nie net vir Chantel se geroemde botaniese kookkuns nie, maar ook om Restaurant Mosaic en The Orient se interieur te versier. Met hul eerste besoek aan Parys het Chantel en Mari verlief geraak op die art nouveau-beweging en argitektuur. Sommige van die skilderagtige art nouveau-restaurante wat die aanvanklike inspirasie van die interieur van Mosaic was, is eie aan restaurante en bistro's soos La Fermette Marbeuf, Vagenende en Montparnasse 1900 geleë in Parys. Ook word hulle geïnspireer in Brussels, Wenen en Boedapest, waar hulle die ryk geskiedenis en kultuur van die art nouveau- en Jugendstil-beweging ontdek. In Brussels volg Chantel die voetspore van die Belgiese argitek Victor



RHODA HENNING

Die Pretoriase keramiekkunstenaar Rhoda Henning was verantwoordelik vir al die art nouveau handgeverfde teëls en panele in Restaurant Mosaic. Rhoda wat 'n groot aanhanger van Alfons Mucha is, kon haar gemaklik vereenselwig om 'n ontwerp te formuleer wat by die Mosaic-interieur pas. Haar loopbaan as keramiekkunstenaar het in 1978 in haar tuisdorp Pretoria begin, waar sy haar lewe lank nog bly. Sy begin werk met klei as 'n stokperdjie terwyl sy aan die Universiteit van Pretoria studeer vir 'n BSc in wiskunde. Nadat sy as mediese dokter gekwalifiseer het, kom sy tot die gevolgtrekking keramiek is haar verterende passie en sedertdien spits sy haar voltyds toe op hierdie kunsvorm. Organiese vorms en fatsoene inspireer hoofsaaklik haar werk, terwyl sy lewendige kleure gebruik om die skoonheid van die natuur en lewe te weerspieël – perfek vir Chantel en Mari se visie vir Restaurant Mosaic.





Horta wat ongetwyfeld as die belangrikste Europese argitek van art nouveau beskou kan word. Sels in Glasgow in die Skotse Hoogland bestudeer Chantel die ontwerpe van die bekende art nouveau-kunstenaar Charles Rennie Mackintosh, 'n ontwerper van die post-impressionistiese beweging en hoof verteenwoordiger van art nouveau in Brittanje.

Sulke voortdurende inspirasie en sorgvuldige studie het tot die besluit gelei om Chantel se restaurant 'n nuwe baadjie aan te trek – 'n vars briesie vir die art nouveau-interieur. Voordat die restaurant se deure vir 'n volle ses weke toegemaak het vir die transformasie, het Chantel en Mari die asemrowende L'École de Nancy besoek – die tempel van art nouveau en private woning van die vooraanstaande Franse beskermheer van die tyd, Eugène Corbin. Die L'École de Nancy-museum bevat 'n manjifieke versameling meubels, objets d'art, glaswerk, keramiek en materiaal wat die diversiteit van kreatiewe tegnieke demonstreer wat kunstenaars van die vroeë 1900's gebruik het. Deur die werk van Hector Guimard, Ernest Chaplet, Tony Selmersheim en Rupert Carabin – almal oneindige bronne van inspirasie sedert die ontstaan van Mosaic – bied die museum 'n blik op die Franse art nouveau-beweging.

Om die skoonheid en glans wat hulle oorsee gevind het te herskep, word die keramiekkunstenaar Rhoda Henning en binnehuisversierders Patti Di Ciccio en Gert Gertzen opdrag gegee om die interieur van die restaurant te herontwerp. Henning was verantwoordelik vir al die handgeverfde art nouveau-teëls en panele in die restaurant. Vroeër die jaar het Cobus, Mari en Chantel in samewerking met Di Ciccio en Gertzen begin om die dekor van die restaurant en twee private eetkamers te verbeter. Gretig om hierdie pragtige restaurant na die volgende vlak te neem, het die twee hierdie geleentheid benut om 'n paar weelderige veranderings aan die dekor en muurstukke te maak terwyl die swier, nuanses en ryk smaak so eie aan die art nouveau-interieur behou is.

Die span van Restaurant Mosaic kan nie wag om hul klante te verwelkom in die "nuwe" restaurant, versier met sorgvuldig gekose art nouveau-elemente wat die ware gees van die Belle Époque weerspieël. Subtiel, dog elegante veranderings kan gesien word, soos die oorvloedige muurbedekkings in pers, goud en swart, en die noukeurige handgeverfde panele en teëls wat die heuningkleurige houtpanele van die mure omsoom. Die kombinasie van al hierdie elemente skep 'n effek van fantasie en ligheid – 'n betowerende ambiance – wat Mosaic laat skitter soos 'n ware edelsteen wat 'n eksklusiewe en romantiese atmosfeer bied om jou terug te voer na 'n tyd van verfyndheid, elegansie en styl...

Besoek ons by www.restaurantmosaic.com en www.the-orient.net



GERT GERTZEN

Nes Henning is Gert Gertzen gebore en getoë in Pretoria. Hy studeer kuns onder die bekende kunstenaar Walter Battiss en na baie kennis en ervaring verwerf tydens vele oorsese reise, keer Gertzen in 1972 terug na Suid-Afrika waar hy Rene Otto Interiors bestuur. Tien jaar later word Gert Gertzen Interiors gebore en vandag kan hierdie nederige man hom met trots roem op 'n internasionale reputasie wat projekte in die Etosha en Kalahari insluit, die Polana Serena Hotel in Maputo, huise in Genève, Londen en Switserland. Plaaslik, die Tuinhuis in Kaapstad, kantore vir FW de Klerk en Nelson Mandela – asook hul private stralers – almal het die Gertzen-aanslag geniet.

Gertzen oor sy ontwerpfilosofie: "Niks is bloot dekoratief nie – dis baie belangrik dat daar baie verskuilde kwaliteite is, en sels al verstaan jy nie al hierdie dinge nie, moet hulle daar wees."

Van Gertzen se huidige projekte sluit in 'n dakwoning in Clifton, 'n huis in Wentworth in Brittanje, 'n private gimnasium en spa in Beiere, 'n lodge in Timbavati en sy voortgaande projek by La Petite Dauphine in Franschhoek waar hy mede-eienaar van hierdie pragtige onderneming is.

PATTI DI CICCIO

Patti Di Ciccio het 10 jaar lank opleiding van Gertzen ontvang, en het wye ervaring en kennis opgedoen. Sy het Patti Di Ciccio Interiors in 1990 begin en het sedertdien projekte voltooi soos die Leopard Creek-gholfveld, plaashuise in die Vrystaat en eksklusiewe wonings in Pretoria. Sy werk meestal in die woonhuisbedryf in Suid-Afrika en in die buiteland en behartig die interieur van die volle woning.

